

● Roman 'n ongemaklike teks weens kru aard van die filosofiese laag

Die verhaal van vier vroue

Philip John

Wanneer die titel van 'n boek soos Njabulo S. Ndebele se *The cry of Winnie Mandela - A novel* pertinent aandui dat dit 'n "roman" is, kan 'n mens aanneem iets het die skrywer laat voel lesers mag die teks juis as iets anders as "fiksie" lees, sê maar as die "waarheid" of as "feit". In die geval van *The cry of Winnie Mandela* is hierdie verontrustende "iets" die figuur van Winnie Mandela wat as politieke persoonlikheid die gedagtes en fantasieë van baie Suid-Afrikers so beroer het, soos toe sy gesê het dat sy en haar ondersteuners die land sou bevry met hul vuurhoutjies en motorband-halsnoere.

Ook in die roman is sy 'n broeiende teenwoordigheid. As "Lelei-

di", "Mummy", "Mother-of-the-nation" vorm sy die spilpunt van die verhale en gesprekke van die vier swart vrouekarakters in die roman. Hulle figureer as die "afstammeling van Penelope", die vrou van die legendariese Odusseus wat 19 jaar lank gewag het op haar eggenoot se terugkeer.

Dié vier vroue is ook agtergelaat deur hul mans. Hulle verteenwoordig die spektrum ervarings waaraan swart vroue blootgestel is deur die gang van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, vanaf trekarbeid, politieke verset tot by verstering. Elkeen se persoonlike geskiedenis word kortliks gerekonstrueer en elkeen kry 'n kans om vir Winnie Mandela aan te spreek, voor Leleidi self ook aan die woord kom.

Die rede waarom hulle dit doen (wat ook kan dien as 'n uiteensetting van die probleem waarmee

die roman worstel), is om beheer oor hul lewe en hul emosionele wêreld te verkry, soos Mamello Molete dit stel: "For now, I want us to try and stop the train of Winnie's life and ponder it. I want us to ponder the departures, the waitings, and returns in her life. Were they not ours too? I'm just looking for a way we can look at ourselves. A way to prevent us from becoming women who meet and cry."

Die ontstellende beeld van die lewe van swartmense wat in die proses voor die leser oopvou, is een van verwording, ontrouheid, verraad en waansin. 'n Mens kom diep onder die indruk van 'n gemeenskap blootgestel aan die ontwrigtende werking van die moderniseringsproses.

Terselfdertyd bou die boek ook 'n beeld op van die aanpasbaarheid en vindingrykheid van die vroue. Die verhaal eindig op 'n po-

sitiwe noot wanneer die vier vrouekarakters saam met Winnie Mandela 'n taxirit Durban toe onderneem vir 'n vakansie.

In die proses word nog 'n rede vir die verontskuldigende tipering van die teks as 'n "roman" duidelik. Op bepaalde punte word die stemme van die vrouekarakters spreekbuis vir 'n oukatoriële stem wat in filosofiese taal besin oor aspekte van die moderne bestaan, soos die sosiale posisie van bruin mense, swart bemagtiging, verkragting, kultuurverskil, die verband tussen ruimtelike ervaring en politiek, en nog meer.


Hier word *The cry of Winnie Mandela* 'n ongemaklike teks, hoofsaaklik as gevolg van die kru aard van die filosofiese laag. Die denke waarop die teks gebou is, werk met 'n simplistiese teenstelling tussen ener syds die manlike, Europese, gewelddadige, opper-

vlakkige en andersyds die vroulike, Afrikanistiese, liefdevolle en natuurlike.

Hoe poëties hierdie filosofering in die teks ook al is, uiteindelik oorweldig dit die soort konkrete voorstelling wat die roman, sy "fiktiewe" aard ten spyte, by uitstek so 'n eerlike medium maak, veral waar komplekse menslike kwessies ter sprake is.

Gevolgtrek laat die tipering van *The cry of Winnie Mandela* as 'n "roman" eerder as, sê maar, 'n filosofiese sprokie, op die ou end die indruk van iets onges en oppervlakkigs, asof die skrywer self nie kon ontsnap aan die verlies aan morele ankerings wat hy so stylvol suggereer in die teks nie. *The cry of Winnie Mandela* is in dié opsig 'n verspilde geleentheid.

● Philip John is 'n navorsingsgehoort aan die Universiteit van Port Elizabeth.



'The cry of Winnie Mandela - A novel' deur Njabulo S. Ndebele. David Philip (sagteband, 123 pp.), R120. ISBN 0-86486-504-X